Warwick wen Santam Classic-trofee

Die wynlandgoed Warwick by Stellenbosch is verlede week by die toekenningsgeleentheid van Santam se Classic-wyntrofee-kompetisie in die Tajhotel in Kaapstad as die algehele wenner van die kompetisie en ontvanger van vanjaar se Classic-wyntrofee aangewys.

Volgens die kompetisie se span Franse beoordelaars was Warwick hul keuse vanweë dié kelder se volgehoue gehalte en elegansie van sy rooi versnit Warwick Trilogy, wat hy jaar ná jaar inskryf. Die wyn uit die 2006-oesjaar was vanjaar die uitblinker.

Die trofee vir die beste witwyn is deur die Hoopenberg Integer Chardonnay 2006 gewen, en dié vir die beste rooiwyn is aan die Vriesenhof Pinot Noir 2007 toegeken.

Klein Constantia het met sy Vin de Constance 2005 die trofee vir die beste soetwyn gewen.

Omdat die beoordelaars niks besonders onder die vonkelwyne gevind het nie, is besluit om nie vanjaar 'n trofee vir die beste vonkelwyn toe te ken nie.

Volgens die beoordelaars was die sauvignons blanc teleurstellend en het nie een van dié wyne uitgestaan nie. Hul geure was te grasagtig, en die wyne was "onryp".

Die cabernets sauvignon en die rooi versnitte was van konstante gehalte, maar dit was die pinot noir-wyne wat die beoordelaars beïndruk het.

Hulle was egter van mening dat die wynmakers van pinotage op gehalte en elegansie moet konsentreer en teen te veel hout moet waak. In baie van die wyne het hout oorheers, meen hulle.

Die Hoopenberg Integer Chardonnay 2006, die Sumaridge Pinot Noir 2008 en die Reyneke Reserve Red 2007 het vanjaar die *GQ*-pryse van die tydskrif *GQ* se wynredakteur, Jonathan Steyn, ontvang. *GQ* kies jaarliks drie wyne onder die trofeewenners hiervoor op grond van gehalte en waarde vir geld, en met die gewone verbruiker in gedagte.

Die Classic-wyntrofee-kompetisie is uniek in Suid-Afrika omdat net 'n sekere getal medaljés en trofeë toegeken word. Volgens die organiseerders word dit gedoen om die legitimiteit en geloofwaardigheid van die kompetisie te versterk.

Die ander wenners van goue medaljes vir witwyne is:

Hamilton Russell Chardonnay 2009, Rudera Chenin Blanc 2008, Villiera Traditional Barrel Fermented Chenin Blanc 2009, en Vriesenhof Chardonnay 2009.

Die ander wenners van goue medaljes vir rooiwyne is:

Cederberg Shiraz 2008, Chamonix Greywacke Pinotage 2007, La Motte Shiraz 2008, Oak Valley Pinot Noir 2008, Reyneke Reserve Red 2007, Rietvallei Esteana 2007, Sumaridge Pinot Noir 2008, en die Veenwouden Classic 2006.



Bo: Mnr. Pieter de Villiers (Domaine Mas Angel), me. Sabrina Durand (organiseerder) en mnr. Jonathan Steyn (*GQ*).

Links: Twee van die beoordelaars, me. Laure Gasparotto en mnr. Germain Lehodey.

Foto's: VERSKAF

Mnre. Christophe Durand (organiseerder), Anton Beukes (Hoopenberg), Michael Langenhoven (La Motte) en James Dare (Warwick). **Foto: VERSKAF**